

KOMMUNIKAMMA 15 JANUARIE 2023



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

Die leraars besoek jou graag. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 15 Januarie

09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS

Skriflesing: Johannes 1:29-42

Tema: Wat is in 'n naam?

<https://youtu.be/BhtWHVhleFw>

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Sinodale Dankoffer - Gemeentebediening

Maandag 16 Januarie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

18:00 JEUGMENTORSVERGADERING

Woensdag 18 Januarie

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Kraggakamma gemeente het al R405 158,23 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

Vrydag 20 Januarie

05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

Sondag 22 Januarie

8:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK

09:45 KATEGESSE

10:00 KLASSIEKE DIENS

18:00 LEEF@KERK PRAISE AND WORSHIP AAND

GEBEDSAKE:

- Dank die Here vir sy hand van bewaring oor ons die afgelope vakansieseisoen.
- Die skole wat Woensdag begin.
- 2022 se matrieks wat hierdie week hul uitslae kry
- Pleit voortdurend vir reën in ons opvangsgebiede. Dat ons damme sal vol word.
- Ons dra die volgende persone, wat sukkel met hulle gesondheid, aan die Here op: Frans Marx, Wynne du Plessis, Mac MacKenzie, Andre en Lynette Barnard se dogter Ané en heelwat ouer mense wat baie broos is. Veral ook vir die familieledede wat hulle bystaan.
- Christo Grobler se ma is oorlede.
- Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne.

50 JAAR JUBELFEES

Ons groot feesnaweek is van 3 tot 5 Maart. Maak hierdie datum in julle dagboeke vas. Die feesvieringe skop op die Vrydag om 19:00 af met die Premiére van 'n dokumentêre video wat tans gemaak word. Saterdag se hoogtepunte sluit 'n trollie/kruiva resies en Maart Malligheid in. Sondag sluit ons die naweek af met 'n Nagmaalsdiens en gemeente ete. Ons is opgewonde oor hierdie groot mylpaal in Kraggakamma Gemeente se bestaan. Indien jy betrokke wil raak by die reëlings, kontak die kerkkantoor vir meer besonderhede.



NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.

Ons verwelkom vir Munro en Elizma Olivier, wie se lidmaatskap vanaf Patmos Gemeente ontvang is.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

15 Januarie	Annette Landman, Frans Stapelberg en Anton van Niekerk
16 Januarie	Idi Burger, Wium Steenkamp en Wiehan Viviers
17 Januarie	Frans Marx, Fanie Pretorius, Rendo Rust en Marina van Onselen
18 Januarie	Gerda Claassen, Hannelie Gouws, Elizma Harmse, Johan Meiring, Ruan Naudé, Piet Spies, Cindy Strydom en Carli van Onselen
19 Januarie	Jean Mouton en Kiaan Schoeman
20 Januarie	Lene Anker, Gerhard Beetge, Susan Janse van Rensburg, Kevin Meistre, Johann Minnie, Shaun Oosthuizen en Kristi van Loggerenberg
21 Januarie	Elmarie Loftie-Eaton en Janine van der Merwe

SKAKELPERSOON VIR THERE4-BEDIENINGE

Gerrit en Janine van There4-Bedieninge benodig iemand met 'n passie vir God en die uitbreiding van Sy koninkryk om hulle stem hier in die gemeente te wees. Dit behels om dringende gebedsversoeke deur te gee, namens hulle die getuienisaksie se 3 of 4 vergaderings by te woon en as bemoediger vir hulle persoonlik op te tree, terwyl hulle in die Midde-Ooste woonagtig is. As jy voel dat die Here jou hiertoe roep, kontak asb vir Niekie by die kerkkantoor.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

